DR. T. MINNEMA, *The social Ethics of Reinhold Niebuhr. A structural analysis*, J. H. Kok N.V., Kampen 1958, 124 pp.

Hoewel in hierdie uitgawe nêrens 'n aanduiding in hierdie rigting is nie, het hierdie werk waarskynlik oorspronklik as dissertasie gedien. Dit dra al die kenmerke van 'n dissertasie. Dit wil nie sê dat dit nie 'n bruikbare en belangrike werk is nie. Inteendeel, die skrywer het geslaag daarin om die kern van Niebuhr se etiese denke raak en oorsigtelik te stel en is 'n welkome bydrae tot die literatuur oor Niebuhr. 'n Behoorlike geklassifiseerde en uitgebreide literatuurlys aan die einde verhoog ook die waarde van hierdie boek.

Ek wil die boek graag aanbeveel. Ek hoop dit sal bydra tot groter belangstelling by ons in 'n baie belangrike denker van ons tyd.

DR. P. S. DREYER